

FISIESE WETENSKAPPE

2025 WINTER KLASSE

GRAAD 12

KWARTAAL 2

HANDLEIDING VIR ONDERWYSERS EN LEERDERS











FISIESE WETENSKAPPE-PROGRAM VIR 2025 WINTERKLASSE

| VRAESTEL | ONDERWERPE | TOTALE PUNTE | GEWIG |
|--|------------------------------------|--------------|-------------|
| WEEK 1 EN WEEK 2 | | | |
| FISIKA (VRAESTEL 1) | Arbeid, Energie en Drywing (5 ure) | 20 | $\pm 9 \%$ |
| CHEMIE (VRAESTEL 2) | Sure en basisse (8 ure) | 13 | $\pm 13\%$ |
| | Chemiese ewewig (5 ure) | 20 | $\pm 12 \%$ |
| TOTAAL | | 53 | |
| Pre-toets en Post-toets moet geskryf word aangesien dit 'n hersiening van kwartaal 1 en 2 is. | | | |

INHOUD**BLADSY**

| | |
|--|----------------|
| <u>ONDERWERP 1: Arbeid, Energie en Drywing</u> <ul style="list-style-type: none"> ○ Eksamenriglyn en uitkomste ○ Belangrike terme en definisies ○ Uitgewerkte voorbeelde ○ Aktiwiteite | 4-24 |
| <u>ONDERWERP 2: Sure en Basisse</u> <ul style="list-style-type: none"> ○ Eksamenriglyn en -uitkomste ○ Belangrike terme en definisies ○ Kort notas en uitgewerkte oorbeelde ○ Aktiwiteite | 25 – 58 |
| <u>ONDERWERP 3: Chemiese ewewig</u> <ul style="list-style-type: none"> ○ Eksamenriglyn en uitkomste ○ Belangrike terme en definisies ○ Kort aantekeninge ○ Aktiwiteite | 59 –69 |

IKON BESKRYWING

| | | | |
|--|--|---|---|
|  BREINKAART |  EKSAMEN RIGLYN |  INHOUD |  AKTIWITEITE |
|  BIBLIOGRAFIE |  TERMINOLOGIE |  UITGEWERK VOORBEELDE |  STAPPE |



Arbeid, Energie en Drywing

(Hierdie afdeling moet saam met die KABV, bl. 117–120 gelees word.)

Arbeid

- Definieer die arbeid wat op 'n voorwerp gedoen word deur 'n konstante krag F as $F\Delta x \cos\theta$, waar F die grootte van die krag is, Δx die grootte van die verplasing en θ die hoek tussen die krag en die verplasing. (Arbeid word verrig deur 'n krag – die gebruik van die term 'arbeid word verrig teen 'n krag', bv. arbeid verrig teen wrywing, moet vermy word.)
- Teken 'n kragtediagram en vryliggaamdiagramme.
- Bereken die netto arbeid wat op 'n voorwerp verrig word.
- Onderskei tussen positiewe netto arbeid verrig en negatiewe netto arbeid verrig op die sisteem.

Arbeid-energie stelling

- Skryf die arbeid-energiestelling neer: Die netto arbeid verrig op 'n voorwerp is gelyk aan die verandering in kinetiese energie van die voorwerp OF die arbeid verrig op die voorwerp deur 'n netto krag is gelyk aan die verandering in die kinetiese energie van die voorwerp.
In simbole: $W_{\text{net}} = \Delta K = K_f - K_i$
- Pas die arbeid-energiestelling toe op voorwerpe op horisontale, vertikale en skuinsvlakke (vir beide wrywinglose en growwe/ruwe oppervlaktes).

Behoud van energie in die teenwoordigheid van nie-konserwatiewe kragte.

- Definieer 'n *konserwatiewe* krag as 'n krag waarvoor die arbeid verrig word om 'n voorwerp tussen twee punte te beweeg, onafhanklik is van die pad wat gevolg word. Voorbeelde hiervan is gravitasiekrag, die elastiese krag in 'n veer en elektrostatiese kragte (coulombkragte).
- Definieer 'n *nie-konserwatiewe* krag as 'n krag waarvoor die arbeid verrig om 'n voorwerp tussen twee punte te beweeg, afhanklik is van die pad wat geneem word. Voorbeelde hiervan is wrywingskrag, lugweerstand, spanning in 'n tou, ens.
- Skryf die beginsel van behoud van meganiese energie neer: Die totale meganiese energie (som van gravitasie potensiële energie en kinetiese energie) in 'n geïsoleerde sisteem bly konstant. LET WEL: 'n Stelsel word geïsoleer wanneer die netto eksterne krag (uitgesluit die gravitasiekrag) wat op die stelsel inwerk, nul is.
- Los behoud-van-energie-probleme op deur gebruik te maak van die vergelyking: $W_{\text{nc}} = \Delta E_k + \Delta E_p$
- Gebruik die verwantskap hierbo om aan te toon dat meganiese energie behoue bly in die afwesigheid van nie-konserwatiewe kragte.

Drywing

- Definieer drywing as die tempo waarteen arbeid verrig word of energie verbruik word.

In simbole: $P = \frac{W}{\Delta t}$

- Bereken die drywing betrokke wanneer arbeid verrig word.
- Doen berekeninge deur $P_{\text{gem}} = Fv_{\text{gem}}$ te gebruik wanneer 'n voorwerp teen 'n konstante spoed op 'n growwe horisontale oppervlak of 'n growwe skuinsvlak beweeg.
- Bereken die drywinglewering vir 'n pomp wat 'n massa ophig (bv. die ophig van water deur 'n hoogte teen konstante spoed).

| BELANGRIKE TERME EN DEFINISIES | |
|---|---|
| Arbeid | Die arbeid verrig op 'n voorwerp deur 'n konstante krag F is die produk van die grootte van die krag, die grootte van die verplasing en die hoek tussen die krag en die verplasing. |
| Positiewe arbeid | Die kinetiese energie van die voorwerp neem toe. |
| Negatiewe arbeid | Die kinetiese energie van die voorwerp neem af. |
| Arbeid-energiestelling | Die netto (of totale) arbeid verrig op 'n voorwerp is gelyk aan die verandering in kinetiese energie van die voorwerp OF die arbeid verrig op die voorwerp deur 'n resulterende (of netto) krag is gelyk aan die verandering in kinetiese energie van die voorwerp. In simbole: $W_{\text{net}} = \Delta K = K_f - K_i$. |
| Beginsel van behoud van meganiese energie | Die totale meganiese energie (som van gravitasie-potensiële energie en kinetiese energie) in 'n geïsoleerde sisteem bly konstant. ('n Sisteem is geïsoleerde wanneer die resulterende/netto eksterne krag wat op die sisteem inwerk, nul is). In simbole: $E_M(\text{aanvanklik}) = E_M(\text{finaal})$ OF $(E_p + E_k)_{\text{aanvanklik}} = (E_p + E_k)_{\text{finaal}}$ |
| Konserwatiewe krag | 'n Krag waarvoor die arbeid verrig om 'n voorwerp tussen twee punte te beweeg, onafhanklik is van die roete wat gevolg word. Voorbeelde is gravitasiekrag, die elastiese krag in 'n veer en elektrostatiese kragte (coulombkragte). |
| Nie-konserwatiewe krag | 'n Krag waarvoor die arbeid verrig om 'n voorwerp tussen twee punte te beweeg, afhanklik is van die roete wat gevolg word. Voorbeelde is wrywingskrag, lugweerstand, spanning in 'n tou, ens. |
| Drywing | Die tempo waarteen arbeid verrig of energie oorgedra word. In simbole: $P = \frac{W}{\Delta t}$ Eenheid: watt (W) |

TABEL 1: ARBEID, ENERGIE EN DRYWING

| | |
|---|--|
| $W = F\Delta x \cos \theta$ | $U = mgh$ or/of $E_p = mgh$ |
| $K = \frac{1}{2}mv^2$ or/of $E_k = \frac{1}{2}mv^2$ | $W_{\text{net}} = \Delta K$ or/of $W_{\text{net}} = \Delta E_k$ $\Delta K = K_f - K_i$ or/of $\Delta E_k = E_{kf} - E_{ki}$ |
| $W_{\text{nc}} = \Delta K + \Delta U$ or/of $W_{\text{nc}} = \Delta E_k + \Delta E_p$ | $P = \frac{W}{\Delta t}$ |
| $P_{\text{ave}} = Fv_{\text{ave}}$ / $P_{\text{gemid}} = Fv_{\text{gemid}}$ | |

BREIN KAART



ARBEID VERRIG

- **Arbeid** is die oordrag van energie.
- **Arbeid wat deur** 'n konstante krag op 'n voorwerp verrig word, is die produk van die verplasing en die komponent van die krag parallel met die verplasing.

☐ $W = F\Delta x \cos\theta$

WAAR:

- ☐ $W \rightarrow$ Arbeid verrig in Joule(J)
- ☐ $F \rightarrow$ grootte van krag in Newton (N)
- ☐ $\Delta x/\Delta y \rightarrow$ grootte van verplasing in meter (m)
- ☐ $\theta \rightarrow$ grootte van die hoek tussen krag en verplasing
- Arbeid is 'n skalaar hoeveelheid, dit wil sê geen rigting nie.
- Die joule is die hoeveelheid arbeid wat verrig word wanneer 'n krag van een newton 'n voorwerp een meter in die rigting van die krag beweeg.


Arbeid behels altyd twee dinge:

- 'n Konstante krag wat op 'n sekere voorwerp inwerk.
- Die verplasing van daardie voorwerp.

| Zero Arbeid verrig | Positiewe Arbeid verrig | | Negatiewe Arbeid verrig |
|---|---|---|---|
| | | | |
| $W = F\Delta x \cos\theta$ F en Δx loodreg op mekaar $\theta = 90^\circ$ $\cos \theta = \cos 90^\circ = 0$ | $W = F\Delta x \cos\theta$ F en Δx parallel aan mekaar dieselfde rigting $\theta = 0^\circ$ $\cos \theta = \cos 0^\circ = 1$ | $W = F_x \Delta x \cos\theta$ F en Δx hoek θ met mekaar $F_x = F \cos \theta$ $W = F \cos \theta \Delta x \cos \theta$ $\theta = 0^\circ$ $\cos \theta = \cos 0^\circ = 1$ | $W = f \Delta x \cos\theta$ F en Δx parallel aan mekaar teenoorgestelde rigting $\theta = 180^\circ$ $\cos \theta = \cos 180^\circ = -1$ |
| <ul style="list-style-type: none">Geen Arbeid verrig op 'n voorwerp as die krag en verplasing loodreg op mekaar is | <ul style="list-style-type: none">'n Krag in die rigting van verplasing verrig positiewe arbeid op die voorwerp. Die krag vermeerder die energie van die voorwerp | <ul style="list-style-type: none">'n Kragkomponent in die rigting van die verplasing verrig positiewe arbeid op die voorwerp. Die krag vermeerder die energie van die voorwerp | <ul style="list-style-type: none">'n Wrywingskrag in die teenoorgestelde rigting van verplasing verrig negatiewe arbeid op die voorwerp. Die krag vermeerder die energie van die voorwerp |
| | <ul style="list-style-type: none">Positiewe arbeid beteken dat energie bygevoeg word tot die sisteem | <ul style="list-style-type: none">Negatiewe arbeid beteken dat energie verwyder word uit die sisteem | |

VOORBEELD 1

'n Boks wat op 'n horisontale wrywinglose oppervlak lê, word deur 'n horisontale krag van 100 N getrek. Die boks word 3m na regs verplaas, soos in die skets hieronder getoon. Bereken die werk wat deur die krag op die boks gedoen word.



Daar is een krag wat op die voorwerp inwerk.

$$W = F\Delta x \cos\theta$$


$$W = (100)(3)\cos 0^\circ$$

$$W = 300 \text{ J}$$

VOORBEELD 2

'n Boks op 'n horisontale growwe oppervlak gly na regs en ervaar 'n wrywingskrag van 100 N. Die boks word 3 m verplaas soos in die skets hieronder getoon.

Bereken die arbeid wat deur die wrywingskrag op die boks gedoen word.



Daar is een krag wat op die voorwerp inwerk.


$$W = f\Delta x \cos\theta$$

$$W = (100)(3)\cos 180^\circ$$

$$W = -300 \text{ J}$$

VOORBEELD 3

Bereken die arbeid wat verrig word op 'n boks wat op 'n horisontale wrywinglose oppervlak lê, deur 'n krag van 100 N, wat teen 'n hoek van 20° met die horisontaal inwerk. Die krag verplaas die boks 3 m, soos in die diagram hieronder getoon.



Weereens is daar slegs een krag (100 N) wat op die voorwerp inwerk.

$$F_x = F \cos \theta$$

$$F_x = 100 \cos 20^\circ$$

$$F_x = 93,9692620786 \text{ N}$$

$$W = F_x \Delta x \cos \theta$$

$$W = (93,9692620786)(3) \cos 0^\circ$$

$$W = 281,91 \text{ J}$$


NETTO ARBEID OP 'N VOORWERP

- Verskeie kragte kan gelyktydig op 'n voorwerp inwerk.
- Elke krag kan arbeid op die voorwerp verrig om die energie van die voorwerp te verander.
- Die netto arbeid wat op die voorwerp verrig word, is die som van die arbeid wat elke krag verrig het.

Indien W_{net} positief is, is **energie bygevoeg** tot die sisteem.


Indien W_{net} negatief is, is **energie verwyder** uit die sisteem

VOORBEELD 4



Bereken die netto arbeid wat op 'n krat verrig word as 'n krag van 60 N op 'n krat toegepas word. Die krat beweeg 6 m na regs en ervaar 'n wrywingskrag van 10 N na links.

N.B Teken 'n vryliggaamdiagram wat al die kragte wat op die krat inwerk en wys en benoem die kragte



Arbeid verrig deur gewig en normaalkrag gelyk 0J. ALBEI is loodreg op die Verplasing ($\theta = 90^\circ$)

OPSIE 1

$$\begin{aligned}
 W_{\text{net}} &= W_F + W_f \\
 W_{\text{net}} &= F\Delta x \cos\theta + f\Delta x \cos\theta \\
 W_{\text{net}} &= (60)(6)\cos 0^\circ + (10)(6)\cos 180^\circ \\
 W_{\text{net}} &= 300\text{J}
 \end{aligned}$$

OPSIE 2

$$\begin{aligned}
 F_{\text{net}} &= F - f \\
 F_{\text{net}} &= 60 - 10 \\
 F_{\text{net}} &= 50\text{N}
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 W_{\text{net}} &= F_{\text{net}}\Delta x \cos\theta \\
 W_{\text{net}} &= (50)(6)\cos 0^\circ \\
 W_{\text{net}} &= 300\text{J}
 \end{aligned}$$


VOORBEELD 5

'n Elektriese motor word gebruik om 'n vrag bakstene (50kg) deur 'n vertikale hoogte van 20 m op te lig. Die spanning in die kabel wat aan die hysbak geheg is, is 2000 N.

5.1 Bereken die arbeid wat deur die elektriese motor verrig word op die bakstene.

5.2 Bereken die netto arbeid wat op die bakstene verrig word

- Teken 'n vryliggaamdiagram om AL die kragte wat op die stene inwerk te toon en benoem die kragte. Daar is gravitasiekrag (w) af en spanning (T) in die kabel op .
- Let op! Daar is geen normaalkrag nie, want die stene rus nie op 'n oppervlak nie.



$$\begin{aligned}
 5.1 \quad W_T &= T \Delta x \cos \theta \\
 &= 2000 (20) \cos 0^\circ \\
 &= 40\,000\text{J}
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 5.2 \quad \text{OPSIE 1} \\
 W_w &= w \Delta x \cos \theta \\
 &= (50 \times 9,8) (20) \cos 180^\circ \quad [\text{die hoek tussen } w \text{ en } \Delta x \text{ is } 180^\circ] \\
 &= -9\,800 \text{ J}
 \end{aligned}$$


$$\begin{aligned}
 W_{\text{net}} &= W_T + W_w \\
 &= 40\,000 + (-9\,800) \\
 &= 30\,200 \text{ J}
 \end{aligned}$$

OF
OPSIE 2



$$\begin{aligned}
 W_{\text{net}} &= F_{\text{net}} \Delta x \cos \theta \\
 &= (T - w) \Delta x \cos \theta \\
 &= (2\,000 - 50 \times 9,8) (20) \cos 0^\circ \\
 &= 30\,200 \text{ J}
 \end{aligned}$$

EXAMPLE 4

'n Motor van 1200 kg word 3 m teen 'n helling (30° met die grond) getrek deur 'n tou wat 'n krag van 8000N op die motor uitoefen. Die motor ervaar 'n wrywingskrag van 20N.



4.1. Teken 'n benoemde vryliggaamdiagram van al die kragte wat op die motor inwerk.



4.2. Bereken die netto arbeid wat op die motor verrig word.

| <u>Arbeid verrig deur toegepaste krag (F)</u> | <u>Arbeid verrig deur wrywing (f)</u> | <u>Arbeid verrig deur gewig (w)</u> |
|---|---|--|
| $W_F = F \Delta x \cos \theta$ $W_F = 8000(3) \cos 0^\circ$ $W_F = 24000 \text{ J}$ | $W_f = f \Delta x \cos \theta$ $W_f = 20(3) \cos 180^\circ$ $W_f = -60 \text{ J}$ | $W_{w//} = w_{//} \Delta x \cos \theta$ $W_{w//} = [mg \sin \theta] \Delta x \cos \theta$ $W_{w//} = [(1200)(9,8) \sin 30^\circ](3) \cos 180^\circ$ $W_{w//} = -17640 \text{ J}$ OF $W_w = w \Delta x \cos \theta$ $= (1200 \times 9,8)(3) \cos (30^\circ + 90^\circ)$ $= -17640 \text{ J}$ |

Work Net

$$W_{net} = W_F + W_f + W_{w//}$$

$$W_N = 0 \text{ J}$$

$$W_{net} = 24000 - 60 - 17640$$

$$W_{net} = 6300 \text{ J}$$

ARBEID - ENERGIESTELLING:

- Die netto arbeid wat op 'n voorwerp verrig word, is gelyk aan die verandering in die voorwerp se kinetiese energie.
- Die arbeid wat deur 'n resultante/netto krag op 'n voorwerp verrig word, is gelyk aan die verandering in die voorwerp se kinetiese energie.

$$W_{net} = \Delta E_k$$

$$W_{net} = \frac{1}{2}mv_f^2 - \frac{1}{2}mv_i^2$$

- Die arbeid-energiestelling kan toegepas word op die voorwerpe op horisontale, vertikale en skuins vlakke vir beide wrywinglose en growwe oppervlaktes.

KONSERWATIEWE EN NIE-KONSERWATIEWE KRAGTE

- **KONSERWATIEWE KRAG** is 'n krag waarvoor die arbeid verrig om 'n voorwerp tussen twee punte te beweeg, onafhanklik is van die pad wat geneem is. *'n Krag is 'n konserwatiewe krag as:*

Die arbeid wat deur die krag verrig word om 'n voorwerp van punt A na punt B te beweeg, onafhanklik van die pad wat geneem word.

Die netto arbeid verrig om 'n voorwerp in 'n geslote pad te skuif wat op dieselfde punt begin en eindig, nul is.

- **NIE-KONSERWATIEWE KRAG** is 'n krag waarvoor die arbeid verrig om 'n voorwerp tussen twee punte te beweeg, afhang van die pad wat geneem word. *'n Krag is 'n nie-konserwatiewe krag as:*

Die arbeid wat deur die krag verrig word om 'n voorwerp van punt A na punt B te beweeg, hang af van die pad wat geneem word.

Die netto arbeid verrig om 'n voorwerp in 'n geslote pad te skuif wat op dieselfde punt begin en eindig, nie nul is nie.

| KONSEPATIEWE KRAGTE | NIE-KONSEVENTIEWE KRAGTE |
|----------------------|--------------------------|
| Gravitasiekrag | Wrywingskrag |
| Elektrostatiese krag | Spanning |
| Elastiese krag | Toegepaste krag |
| | Lugweerstand |

ENERGIE

BEGINSEL VAN BEHOUD VAN MEGANIESE ENERGIE

Die totale meganiese energie in 'n geïsoleerde stelsel bly konstant.

- Meganiese energie is die **som van gravitasie potensiële energie en kinetiese energie**.
- 'n Stelsel word geïsoleer wanneer die resultante/netto eksterne krag wat op die stelsel inwerk nul is.
- Beginsels van energie word gebruik om aan te toon dat meganiese energie in die afwesigheid van nie-konserwatiewe kragte behoue bly.
- Die **meganiese energie van 'n stelsel bly behoue** wanneer **slegs konserwatiewe kragte in die stelsel teenwoordig is**.
- Die **meganiese energie van 'n sisteem bly NIE behoue NIE** wanneer **nie-konserwatiewe kragte in die sisteem teenwoordig is** (bv. wrywing, lugweerstand, toegepaste kragte en spanning).
- Die **arbeid verrig deur hierdie nie-konserwatiewe kragte**, is **gelyk aan die verandering in die totale meganiese energie** van die stelsel. $W_{nk} = \Delta K + \Delta U$

DRYWING

die tempo waarteen arbeid verrig word of energie oorgedra word.

$$P = \frac{W}{\Delta t}$$

P → drywing in Watt (W)

W → arbeid verrig in Joules (J)

Δt → verandering in tyd in sekondes (s).

- Doen berekeninge om drywing te bepaal wanneer arbeid verrig word.
- Voer berekeninge wanneer 'n voorwerp teen 'n konstante spoed langs 'n growwe horisontale oppervlak of 'n growwe skuins vlak beweeg.

GEMIDDELDE DRYWING (KONSTANTE SNELHEID)

- Ons kan die gemiddelde drywing bereken wat nodig is om 'n voorwerp teen konstante spoed te laat beweeg.
- As die motor teen 'n konstante spoed beweeg, is die grootte van die voorwaartse krag gelyk aan die grootte van die wrywingskrag.
- As die motor teen konstante spoed beweeg, moet die krag van die enjin teen die helling op gelyk wees aan die krag teen die helling af.
- In staat wees om die drywing te bereken vir 'n elektriese pomp wat 'n massa optel (bv. water uit 'n boorgat)

Snelheid word gegee deur verplasing oor tyd:

$$v_{\text{gem}} = \frac{\Delta x}{\Delta t}$$

$$P_{\text{gem}} = F v_{\text{gem}}$$

LET OP:

$P_{\text{gem}} \rightarrow$ Gemiddelde drywing

$F \rightarrow$ krag

$v_{\text{gem}} \rightarrow$ konstante snelheid

AKTIWITEIT 1 [MEERKEUSEVRAE]**10 PUNTE 10 MINUTE**

Vier opsies word verskaf as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Elke vraag het net EEN korrekte antwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK


- 1.1 'n Boks van 20,4 kg bly in rus op 'n horisontale oppervlak terwyl die boks horisontaal met 'n krag van 60 N gestoot word. Die koëffisiënt van statiese wrywing tussen die boks en die oppervlak is 0,60.

Wat is die wrywingskrag wat op die boks inwerk terwyl dit gestoot word? (Afgerond tot die naaste heelgetal)

- A 200 N
- B 140 N
- C 120 N
- D 60 N

(2)

- 1.2 Beskou die slinger in die skets. Op 'n sekere punt A van sy swaai het die bal 'n gravitasiepotensiële energie van 300 J ten opsigte van sy **laagste punt by B**. By punt B het die bal 'n kinetiese energie van 500 J.




Die totale meganiese energie van die stelsel is ...

- A. 800 J
- B. 500 J
- C. 300 J
- D. 200 J

(2)

- 1.3 'n Soliede rubberbal wat van 'n sekere hoogte bo 'n swembad laat val het, neem 0,3 sekondes om die oppervlak van die water te bereik (**fase 1**). Die bal gaan die water binne en bereik sy maksimum diepte na 0,2 sekondes (**stadium 2**). (Lugweerstand is weglaatbaar)




Watter een van die volgende stellings is **WAAR**?

- A Beide die meganiese energie en momentum van die bal is konstant gedurende **beide stadiums** (0,5 sekondes).
- B Beide die meganiese energie en momentum van die bal is konstant gedurende **stadium 1** (eerste 0,3 sekondes).
- C Slegs die meganiese energie van die bal bly konstant gedurende **Beide stadiums** (0,5 sekondes).
- D Slegs die meganiese energie van die bal bly konstant tydens **fase 1** (0,3 sekondes), maar verander tydens **fase 2** (0,2 sekondes)

(2)

- 1.4 Twee seuns trek twee identiese voorwerpe teen dieselfde eenvormige spoed teen twee verskillende hellings, X en Y, met verskillende gradiënte, maar gelyke hoogte. Wrywing kan geïgnoreer word.




Die **grootte van die krag** wat deur elkeen van die seuns uitgeoefen word en die **arbeid wat verrig** word, kan soos volg vergelyk word:

| | Grootte van die krag | Arbeid verrig |
|---|----------------------|---------------|
| A | $F_X < F_Y$ | $W_X > W_Y$ |
| B | $F_X > F_Y$ | $W_X > W_Y$ |
| C | $F_X < F_Y$ | $W_X = W_Y$ |
| D | $F_X > F_Y$ | $W_X = W_Y$ |

(2)

- 1.5 Twee voorwerpe, **R** en **P**, van gelyke massa rus bo-op 'n muur met 'n vertikale hoogte **x**. **R** val reguit af en tref die grond met 'n spoed **v**. **P** gly af teen die wrywinglose helling, lengte **2x**, soos in die skets getoon:



Die spoed van **P** aan die onderkant van die helling (punt **S**) is ...


- A $\frac{1}{2} v$
- B v
- C $\sqrt{2} v$
- D $2 v$

(2)

[10]

AKTIWITEIT 2**14 punte 14 minute**

'n Krat met 'n massa van 60 kg beweeg teen 'n growwe skuinsvlak op wat 'n hoek van 25° met die horisontaal maak. Die krat begin aan die onderkant met 'n spoed van $7,5 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$ en kom tot stilstand nadat hy teen die skuinsvlak opbeweeg het tot 'n vertikale hoogte van 2,8m.




- 2.1 Definieer *kinetiese energie* (2)
- 2.2 Bereken die kinetiese energie van die krat aan die onderkant van die helling. (3)
- 2.3 Bereken die toename in gravitasie potensiële energie van die krat op die hoogste punt. (3)
- 2.4 Bereken die arbeid wat verrig word teen die wrywingskrag terwyl die krat teen die skuinsvlak opbeweeg. (2)
- 2.5 Bereken vervolgens die grootte van die wrywingskrag wat op die krat inwerk soos dit teen die skuinsvlak opbeweeg. (4)


[14]

AKTIWITEIT 3**23 PUNTE 23 MINUTE**

- 3.1 'n Boks met massa 2 kg het 'n aanvanklike spoed van v_i . Die boks beweeg oor 'n growwe oppervlak en het 'n spoed van $1,5 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$ nadat dit 0,7 m beweeg het. Die wrywingskrag wat op die boks inwerk, is 26 N.



- 3.1.1 Definieer *wrywingskrag*. (2)
- 3.1.2 Bereken die kinetiese energie van die boks terwyl dit teen $1,5 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$ beweeg. (3)
- 3.1.3 Bereken die arbeid wat op die boks verrig word deur die wrywingskrag. (3)
- 3.1.4 Stel die arbeid-*energiestelling in woorde*. (2)
- 3.1.5 Bereken die aanvanklike spoed v_i van die boks. (3)
- 3.2 'n Krat van 1,2 kg is aan 'n lang tou geheg soos in die diagram getoon. 'n Blok met massa 0,4 kg bots met die stilstaande krat met 'n snelheid v_b en spring terug met 'n snelheid van $0,36 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$. Die botsing veroorsaak dat die krat deur 'n vertikale hoogte van 65 cm swaai.





- 3.2.1 Stel *die beginsel van behoud van meganiese energie*. (2)
- 3.2.2 Bereken die grootte van die snelheid van die krat onmiddellik nadat die blok met die krat gebots het. (3)
- 3.2.3 Stel *die wet van behoud van lineêre momentum*. (2)
- 3.2.4 Bereken die grootte van die snelheid van die blok, net voor dit met die krat bots. (3)

[23]

AKTIWITEIT 4**13 PUNTE 13 MINUTE**

'n Reddingshelikopter staan stil (sweef) bo die water om 'n man in moeilikheid langs die Clifton-strand te red (**FIGUUR 1**). Dit laat sak 'n reddingsboei met 'n massa van 2 kg op die water vir die man om daaraan vas te klou terwyl die bemanning gereed maak om hom aan boord van die helikopter te bring (**FIGUUR 2**). Wanneer die boei op 'n hoogte van 10 m bo die water is, het dit 'n snelheid van $1,5 \text{ m}\cdot\text{s}^{-1}$. 'n Boei word dan met 'n konstante versnelling na die water laat sak met 'n kabel, waar dit uiteindelik tot stilstand kom. Gestel daar is geen sywaartse beweging terwyl die boei afwaarts beweeg nie. *Lugweerstand moet NIE geïgnoreer word nie.*


**FIGUUR 1****FIGUUR 2**

- 4.1 Definieer 'n *nie-konserwatiewe krag*. (2)
- 4.2 Identifiseer TWEE *nie-konserwatiewe kragte* wat op die boei inwerk terwyl dit afwaartse beweging. (2)
- 4.3 Skryf die naam neer van 'n *nie-kontakkr* wat op die man inwerk terwyl hy uit die water en opwaarts gehys word. (1)
- 4.4 Teken 'n vryliggaamdiagram wat AL die kragte toon wat op die boei inwerk terwyl dit na die water laat sak word. (3)
- 4.5 Skryf die vergelyking/formule van die ARBEID-ENERGIESTELLING neer. (1)
- 4.6 Gebruik die arbeid-energiestelling om die versnelling van die boei te bereken terwyl dit na die water laat sak word. (4)

[13]

AKTIWITEIT 5**10 PUNTE 10 MINUTE**

'n Hyseropstelling bestaan uit 'n elektriese motor, 'n hysbak en sy teengewig. Die teengewig beweeg vertikaal afwaarts soos die hysbak opwaarts beweeg. Die hysbak en teengewig beweeg teen dieselfde konstante spoed. Verwys na die diagram hieronder.



Die hysbak, met passasiers, beweeg vertikaal opwaarts teen 'n konstante spoed en lê 60 m in 3 minute af. Die teengewig het 'n massa van 870 kg. Die totale massa van die hysbak en passasiers is 1 100 kg. Die elektriese motor verskaf die krag wat benodig word om die hysbakstelsel te bedryf. Ignoreer die gevolge van wrywing.

5.1 Bereken die arbeid verrig deur die:

5.1.1 Gravitasiëkrag op die hysbak (3)

5.1.2 Teengewig van die hysbak (2)

5.2 Bereken die gemiddelde drywing wat die motor benodig om die hysstelsel in 3 minute te laat werk. Aanvaar dat daar geen energieverlies as gevolg van hitte en klank is nie (5)

[10]



ONDERWERP: ONDERWERP NAAM

GRAAD 12

2025 WINTER KLASSE

**HANDLEIDING VIR ONDERWYSERS EN LEERDERS SE
INHOUD**

**Onderwerp:
SUUR EN BASISSE**

EKSAMENRIGLYNE:**Sure en basisse**

(Hierdie afdeling moet saam met die KABV, bl. 127–128 gelees word.)

Suur-basis reaksies

- Definieer sure en basisse volgens Arrhenius- en Lowry-Brønsted-teorieë:
 Arrhenius-teorie: Sure produseer waterstofione (H^+/H_3O^+ /hidroniumione) in waterige oplossing. Basisse produseer hidroksiedione (OH^-) in waterige oplossing.
 Lowry-Brønsted-teorie: 'n Suur is 'n proton (H^+ ioon) skenker. 'n Basis is 'n proton (H^+ ioon) ontvanger.






Relatiewe sterktes van sure en basisse

- Onderskei tussen sterk sure/basisse en swak sure/basisse met voorbeelde.
 Sterk sure ioniseer volledig in water om 'n hoë konsentrasie H_3O^+ -ione te vorm.
 Voorbeelde van sterk sure is soutsuur, swaelsuur en salpetersuur.
 Swak sure ioniseer onvolledig in water om 'n lae konsentrasie H_3O^+ -ione te vorm.
 Voorbeelde van swak sure is etanoësuur en oksaalsuur.
 Sterk basisse dissosieer heeltemal in water om 'n hoë konsentrasie OH^- ione te vorm.
 Voorbeelde van sterk basisse is natriumhidroksied en kaliumhidroksied.
 Swak basisse dissosieer/ioniseer onvolledig in water om 'n lae konsentrasie OH^- ione te vorm.
 Voorbeelde van swak basisse is ammoniak, kalsiumkarbonaat, kaliumkarbonaat, kalsiumkarbonaat en natriumwaterstofkarbonaat.
- Onderskei tussen gekonsentreerde sure/basisse en verdunde sure/basisse.
 Gekonsentreerde sure/basisse bevat 'n groot hoeveelheid (aantal mol) suur/basis in verhouding tot die volume water.
 Verdunde sure/basisse bevat 'n klein hoeveelheid (aantal mol) suur/basis in verhouding tot die volume water.

Suur-basis reaksies

- Skryf die reaksievergelykings van waterige oplossings van sure en basisse neer.
Voorbeelde: $\text{HCl}(\text{g}) + \text{H}_2\text{O}(\ell) \rightarrow \text{H}_3\text{O}^+(\text{aq}) + \text{Cl}^-(\text{aq})$ (HCl is 'n monoprotiese suur.)
 $\text{NH}_3(\text{g}) + \text{H}_2\text{O}(\ell) \rightarrow \text{NH}_4^+(\text{aq}) + \text{OH}^-(\text{aq})$
 $\text{H}_2\text{SO}_4(\text{aq}) + 2\text{H}_2\text{O}(\ell) \rightarrow 2\text{H}_3\text{O}^+(\text{aq}) + \text{SO}_4^{2-}(\text{aq})$ (H_2SO_4 is 'n diprotiese suur.)
- Identifiseer gekonjugeerde suur-basispare vir gegewe verbindings.
- Beskryf 'n stof wat as suur of basis kan optree as 'n amfoliet. Water is 'n goeie voorbeeld van 'n amfoliet. Skryf vergelykings om te wys hoe 'n amfolietse stof as 'n suur of as 'n basis kan optree.
- Skryf neutralisasiereaksies van algemene laboratoriumsure en -basisse neer.

Voorbeelde: $\text{HCl}(\text{aq}) + \text{NaOH}(\text{aq})/\text{KOH}(\text{aq}) \rightarrow \text{NaCl}(\text{aq})/\text{KCl}(\text{aq}) + \text{H}_2\text{O}(\ell)$



LET WEL: Bogenoemde is voorbeelde van vergelykings wat van leerders verwag sal word om uit gegewe inligting te skryf. Enige ander neutralisasiereaksie kan egter in die vraestel gegee word om te assesseer, bv. stoïgiometrie.

Hidrolise

- Definieer hidrolise as die reaksie van 'n sout met water.
- Bepaal die benaderde pH (gelyk, kleiner as of groter as 7) van soute in southidrolise.
 - o Hidrolise van die sout van 'n swak suur en 'n sterk basis lei tot 'n alkaliese oplossing, dit wil sê die $\text{pH} > 7$. Voorbeelde van sulke soute is natriumetanoaat, natriumoksalaat en natriumkarbonaat.
 - o Hidrolise van die sout van 'n sterk suur en 'n swak basis lei tot 'n suur oplossing, dit wil sê die $\text{pH} < 7$. 'n Voorbeeld van so 'n sout is ammoniumchloried.
 - o Die sout van 'n sterk suur en 'n sterk basis ondergaan nie hidrolise nie en die oplossing van die sout sal neutraal wees, d.w.s. $\text{pH} = 7$.

Suur-basis titrasies

- Motiveer die keuse van 'n spesifieke indikator in 'n titrasie. Kies uit metieloranje, fenolftaleïen en broomtimolblou.
- Definieer die ekwivalensiepunt van 'n titrasie as die punt waar die suur/basis heeltemal met die basis/suur gereageer het.
- Definieer die eindpunt van 'n titrasie as die punt waar die indikator van kleur verander.
- Voer stoïgiometriese berekeninge uit gebaseer op titrasies van 'n sterk suur met 'n sterk basis, 'n sterk suur met 'n swak basis en 'n swak suur met 'n sterk basis. Berekeninge kan persentasie suiwerheid insluit.
- Vir 'n titrasie, bv. die titrasie van oksaalsuur met natriumhidroksied:
 - Lys die apparaat wat benodig word of identifiseer die apparaat uit 'n diagram.
 - Beskryf die prosedure om 'n standaard oksaalsuuroplossing voor te berei.
 - Beskryf die prosedure om die titrasie uit te voer.
 - Beskryf veiligheidsmaatreëls.
 - Beskryf maatreëls wat in plek moet wees om betroubare resultate te verseker.
 - Interpreteer gegewe resultate om die onbekende konsentrasie te bepaal.

pH en die pH-skaal

- Verduidelik die pH-skaal as 'n skaal van getalle van 0 tot 14 wat gebruik word om die suurheid of alkaliniteit van 'n oplossing uit te druk.
- Bereken pH-waardes van sterk sure en sterk basisse deur $\text{pH} = -\log [\text{H}_3\text{O}^+]$
- Definieer K_w as die ewewigskonstante vir die ionisasie van water of die ionenprodukt van water/ ionisasiekonstante van water, dus $K_w = [\text{H}_3\text{O}^+][\text{OH}^-] = 1 \times 10^{-14}$ by 298K
- Verduidelik die outo-ionisasie van water, dit wil sê die reaksie van water met homself om H_3O^+ -ione en OH^- -ione te vorm.
- Interpreteer K_a -waardes van sure om die relatiewe sterkte van gegewe sure te bepaal. Interpreteer K_b -waardes van basisse om die relatiewe sterkte van gegewe basisse te bepaal.
- Vergelyk sterk en swak sure deur te kyk na:
 - pH (monoprotiese en diprotiese sure)
 - Geleidingsvermoë
 - Reaksietempo

BELANGRIKE TERME EN DEFINISIES



| CHEMIESE VERANDERING: SURE EN BASISSE | |
|--|--|
| Suur-basisindikator | 'n Kleurstof wat gebruik word om tussen suur en basiese oplossings te onderskei deur middel van die kleurveranderinge wat dit in hierdie oplossings ondergaan. |
| Amfiprotiese stof / amfoliet | 'n Stof wat as 'n suur of 'n basis kan optree. |
| Arrhenius teorie | 'n Suur is 'n stof wat waterstofione produseer (H^+) / hidroniumione (H_3O^+) wanneer dit in water oplos. 'n Basis is 'n stof wat hidroksiedione (OH^-) produseer wanneer dit in water oplos. |
| Outo-ionisasie van water | 'n Reaksie waarin water met homself reageer om ione (hidroniumione en hidroksiedione) te vorm. |
| Gekonsentreerde sure/basisse | Bevat 'n groot hoeveelheid (aantal mol) suur/basis in verhouding tot die volume water. |
| Gekonjugeerde suur-basispaar | Twee verbindings of ione wat van mekaar verskil in die teenwoordigheid van een H^+ -ioon Voorbeeld: CO_3^{2-} en HCO_3^- OF HCl en Cl^- |
| Gekonjugeerde suur en basis | 'n Gekonjugeerde suur het een H^+ -ioon meer as sy gekonjugeerde basis Voorbeeld: HCO_3^- is die gekonjugeerde suur van CO_3^{2-} CO_3^{2-} is die gekonjugeerde basis van HCO_3^- |
| Verdun sure/basisse | Bevat 'n klein hoeveelheid (aantal mol) suur/basis in verhouding tot die volume water. |
| Diprotiese suur | 'n Suur wat twee protone kan skenk. Voorbeeld: H_2SO_4 |
| Dissosiasie | Die proses waardeur ioniese verbindings in ione opbreek. |
| Eindpunt | Die punt in 'n titrasie waar die indikator van kleur verander. |
| Ekwivalensie punt | Die punt in 'n reaksie waar ekwivalente hoeveelhede suur en basis volledig gereageer het. |

Eksamenvraag


Definieer 'n suur/basis in terme van die Arrhenius teorie (2 punte)

Arrhenius Theory

Sure produseer **waterstofione (H^+)** / **hidroniumione (H_3O^+)** wanneer dit in water oplos.



Basisse produseer **hidroksiedione (OH^-)** wanneer dit in water oplos




Eksamenvraag


Definieer 'n suur/basis in terme van Lowry-Bronsted teorie (2 punte)

Lowry-Bronsted teorie

'n **Suur** is 'n proton (H^+ ioon) **skenker**.



'n **Basis** is 'n proton (H^+ ioon) ontvanger.






Eksamenvaag

Gee 'n rede waarom Salpetersuur / Swawelsuur / Soutsuur geklassifiseer word as sterk sure. (2 punte)

Sterk sure

ioniseer volledig in water om 'n hoë konsentrasie H_3O^+ -ione te vorm.

Soutsuur HCl
Swawelsuur H_2SO_4
Salpersuur HNO_3




Alle sterk sure ioniseer volledig met K_a groter as 1 ($K_a > 1$).

K_a waardes vir sterk sure is baie groot.


Swak sure

ioniseer onvolledig in water om 'n lae konsentrasie H_3O^+ -ione te vorm.


Etanoësuur CH_3COOH
Oksaalsuur $\text{H}_2\text{C}_2\text{O}_4$



$$K_a = \frac{[\text{products}]}{[\text{reactants}]} = \frac{[\text{CH}_3\text{COO}^-][\text{H}_3\text{O}^+]}{[\text{CH}_3\text{COOH}]}$$



OR





Alle swak sure ioniseer onvolledig of slegs gedeeltelik met K_a kleiner as 1 ($K_a < 1$).

$$K_a = \frac{[\text{products}]}{[\text{reactants}]} = \frac{[\text{HC}_2\text{O}_4^-][\text{H}_3\text{O}^+]}{[\text{H}_2\text{C}_2\text{O}_4]}$$

Sterk basis

dissosieer volledig in water en vorm 'n **hoë konsentrasie OH⁻-ione**.

Natriumhidroksied **NaOH**
Kaliumhidroksied **KOH**




Alle sterk basisse dissosieer volledig met K_b groter as 1 ($K_b > 1$).

Swak basisse

Dissosieer / ioniseer onvolledig in water en vorm 'n **lae konsentrasie OH⁻-ione** te vorm.

Ammoniak **NH₃**
Natriumkarbonaat **Na₂CO₃**
Kaliumkarbonaat **K₂CO₃**
Kalsiumkarbonaat **CaCO₃**
Natriumwaterstofkarbonaat **NaHCO₃**



$$K_a = \frac{[\text{products}]}{[\text{reactants}]} = \frac{[\text{NH}_4^+][\text{OH}^-]}{[\text{NH}_3]}$$

Alle swak basisse ioniseer/dissosieer onvolledig of slegs gedeeltelik met K_b kleiner as 1 ($K_b < 1$).

Onderskei tussen gekonsentreerde sure/basisse en verdunde sure/basisse.

Selfs wanneer 'n sterk suur/basis baie verdun word, is die steeds 'n sterk suur/basis

**Verdunde
sure/basisse**

bevat 'n klein hoeveelheid (aantal mol) suur/basis in verhouding tot die volume water.

**Gekonsentreerde
sure/basisse**

bevat 'n groot hoeveelheid (aantal mol) suur/basis in verhouding tot die volume




Byvoorbeeld, natriumhidroksied sal altyd 'n sterk basis wees, ongeag hoeveel water in die oplossing teenwoordig is.

Mono- en poliprotiese sure


Sure kan geklassifiseer word na aanduiding van die hoeveelheid protone (H^+) wat hulle kan skenk

Monoprotiese suur

'n Suur wat een proton kan skenk




Gekonjugeerde suur-basispare



- ❖ Wanneer 'n **BASIS** 'n proton ontvang, word sy **GEKONJUGEERDE SUUR** gevorm
Bv. wanneer die basis H_2O 'n proton ontvang, word die suur H_3O^+ gevorm
- ❖ Wanneer 'n **SUUR** 'n proton skenk, word sy **GEKONJUGEERDE BASIS** gevorm
Bv. wanneer die suur CH_3COOH 'n proton skenk, word die basis CH_3COO^- gevorm
- ❖ Elkeen van hierdie suur-basispare **verskil van mekaar in die teenwoordigheid van een H^+ -ioon** en word 'n **gekonjugeerde suur-basispaar genoem**
- ❖ CH_3COO^- is die **gekonjugeerde basis** van CH_3COOH en H_3O^+ is die **gekonjugeerde suur** van H_2O

Gekonjugeerde suur-basispare



HNO_3 is completely ionised because it is a **strong acid**.

The **forward reaction** is favoured.

Its conjugate base (NO_3^-) is weaker base than H_2O because it has a poor tendency to accept a proton to form HNO_3



CH_3COOH is a weak acid and is thus incompletely ionised

The **reverse reaction** is favoured.

CH_3COO^- is a stronger base than H_2O because it readily accepts a proton from H_3O^+ to form CH_3COOH .

H_3O^+ is a stronger acid than CH_3COOH as it readily donates a proton to CH_3COO^- to form CH_3COOH .

AMFIPROTIESE STOF/AMFOLIET


'n Stof wat as 'n suur of 'n basis kan optree



Base

Acid

Water kan dus as 'n suur of basis optree en is 'n amfoliet




Acid

Base

AMFIPROTIESE STOF/AMFOLIET

'n Stof wat as 'n suur of 'n basis kan optree

Reaksie 1



Acid 1

Base 2

Acid 2


Base 1

In reaksie 1: HSO_4^- tree as 'n BASIS op

In reaksie 2: HSO_4^- tree as 'n SUUR op

HSO_4^- kan 'n proton of skenk of ontvang en is dus 'n amfoliet

Reaksie 2



Base 1

Acid 2

Base 2

Acid 1

AKTIWITEIT 1**20 PUNTE: 20 MINUTE**


Verskeie opsies word verskaf as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1 tot 1.10) in die ANTWOORDBOEK neer, bv.

1.1 Volgens die Arrhenius-teorie is 'n suur ...

- A 'n stof wat hidroksiedione in water vorm.
- B 'n stof wat hidroniumione in water vorm.
- C is 'n protonskenker.
- D is 'n protonaanvaarder.

(2)

1.2 Die volgende reaksie is 'n Lowry-Bronsted-suurbasisreaksie.




Die rede waarom die reaksie as 'n suurbasisreaksie geklassifiseer word, is dat ...

- A NH_3 aanvaar 'n proton.
- B HCl aanvaar 'n proton.
- C NH_3 skenk 'n proton.
- D HCl skenk 'n elektron.

(2)

1.3 Oorweeg die volgende reaksie:



Die CH_3NH_2 tree op as 'n ...

- A proton-skenker.
- B protonontvanger
- C oksideermiddel.
- D reduseermiddel.

(2)

1.4 In die reaksie $\text{X} + \text{H}_2\text{O} \rightleftharpoons \text{H}_3\text{O}^+ + \text{HSO}_4^-$, verteenwoordig **X** die volgende:

- A suur SO_4^{2-}
- B basis SO_4^{2-}
- C suur H_2SO_4
- D basis H_2SO_4

(2)

1.5 Kyk na die vier verskillende oplossings. Watter van hierdie oplossings is 'n verdunde swak suuroplossing?


- A $0,1 \text{ mol} \cdot \text{dm}^{-3} \text{ HCl}$ oplossing
- B $5 \text{ mol} \cdot \text{dm}^{-3} \text{ CH}_3\text{COOH}$ oplossing
- C $0,5 \text{ mol} \cdot \text{dm}^{-3}$ oksaalsuur oplossing
- D $5 \text{ mol} \cdot \text{dm}^{-3} \text{ NaOH}$ oplossing

(2)

1.6 Watter EEN van die volgende is 'n KORREKTE beskrywing vir 'n $0,1 \text{ mol} \cdot \text{dm}^{-3}$ soutsuuroplossing?

- A Verdun sterk suur
 - B Verdun swak suur
 - C Gekonsentreerde swak suur
 - D Gekonsentreerde sterk suur
- (2)

1.7 Oorweeg die reaktant Y in die volgende reaksie:



- A PO_4^{3-}
 - B $H_2PO_4^-$
 - C HPO_4^{2-}
 - D H_3PO_4
- (2)

1.8 'n Waterige oplossing wat meer hidroniumione as hidroksiedione bevat is 'n

- A basiese oplossing
 - B suur oplossing
 - C neutrale oplossing
 - D gestandaardiseerde oplossing
- (2)

1.9 Oorweeg die reaksie wat deur die onderstaande vergelyking voorgestel word:



Die sterkste basis in bogenoemde reaksie is:

- A $H_2PO_4^-$
 - B HCO_3^-
 - C H_3PO_4
 - D H_2CO_3
- (2)

1.10 Die gekonjugeerde basis van HPO_4^{2-} is ...

- A OH^-
 - B PO_4^{3-}
 - C $H_2PO_4^-$
 - D H_3PO_4
- (2)

[20]

NEUTRALISASIE

Suur + Basis → Sout + Water


Sterk Suur + Sterk Basis → Sout + Water



Swak Suur + Sterk Basis → Sout + Water



Sterk Suur + Swak Basis → Sout + Water




HIDROLISE: REAKSIE VAN SOUT MET WATER



Anioon van 'n swak suur, CH_3COOH

CH_3COO^- sal hidroliese ondergaan, want dis die ioon van 'n swak suur wat onvolledig ioniseer

'n Swak suur ioniseer onvolledig en dus sal die negatiewe ioon hidroliese ondergaan



OH^- vorm, dus alkalies



Basis (of Alkaliese) oplossing


$\text{pH} > 7$




Katfoon (positiewe ioon) van 'n sterk basis, NaOH

Na^+ sal nie hidroliese ondergaan nie, want dis die ioon van 'n sterk basis wat volledig dissosieer

As die ioon reageer met water, vorm 'n sterk basis wat weer dadelik dissosieer, want sterk basisse dissosieer volledig





Strong Acid

Weak Base

Salt


Water

HIDROLISE: REAKSIE VAN SOUT MET WATER

Kation van 'n swak basis, NH_4OH

NH_4^+ sal hidroliese ondergaan, want dis die ioon van 'n swak basis wat onvolledig ioniseer

'n Swak basis ioniseer onvolledig en dus sal die positiewetiewe ioon hidroliese ondergaan

 H_3O^+ vorm, dus suur**Suuroplossing** $\text{pH} < 7$ Anioon van 'n sterk suur, HCl

Cl^- sal nie hidroliese ondergaan nie, want dis die ioon van 'n sterk basis wat volledig ioniseer

As die ioon reagee met water, vorm 'n sterk basis wat weer dadelik ioniseer, want sterk sure ioniseer volledig




Strong Acid

Strong Base

Salt


Water

HIDROLISE: REAKSIE VAN SOUT MET WATER

Kation(positiewe ioon) van 'n sterk basis, NaOH Anioon van 'n sterk suur, HCl

Na^+ sal nie hidroliese ondergaan nie, want dis die ioon van 'n sterk basis wat volledig dissosieer


As die ioon reageer met water, vorm 'n sterk basis wat weer dadelik dissosieer, want sterk basisse dissosieer volledig

**Neutrale oplossing** $\text{pH} = 7$

Cl^- sal nie hidroliese ondergaan nie, want dis die ioon van 'n sterk suur wat volledig ioniseer

As die ioon reagee met water, vorm 'n sterk suur wat weer dadelik ioniseer, want sterk sure ioniseer volledig.






Voorbeeld 1

'n Soutsuurooplossing het 'n konsentrasie van $0,2 \text{ mol} \cdot \text{dm}^{-3}$ teen 25°C .

Bereken

1. H_3O^+ konsentrasie in die oplossing
2. pH van die oplossing
3. OH^- konsentrasie in die oplossing

Oplossing 1:



| Stappe om te volg wanneer die pH van 'n monoprotiese suur bereken word | | | | | |
|--|---|------------------------|---------------|------------------------|-----------------|
| Geballanseerde vergelyking | HCl | $+ \text{H}_2\text{O}$ | \rightarrow | H_3O^+ | $+ \text{Cl}^-$ |
| 1 Gebruik verhoudings om die konsentrasie $[\text{H}_3\text{O}^+]$ te bereken | 1 mol | | | 1 mol | |
